Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 13 Oktober 1948 No. 47

PRYS 3d.

# BRITSE NYWERAARS AGTER AFTAKELING VAN FABRIEKE

**Onderwyl die Westerse moondhede aan die wêreld voorhou dat hul aftakelingsbeleid ten opsigte van Duitse nywerhede slegs bedoel is om die oorlogspotensiaal van die Duitsers te vernietig, het 'n Britse nyweraarsgroep aan die lig gebring dat hierdie aftakeling eintlik met 'n oog op mededinging in die uitvoerhandel geskied, en wel op aandrang van private belange. Hierdie feite is aan die lig gebring deur die Britse blad Tribune, wat dit 'n „wraakroepende skandaal" noem.**

## Ook Duitse Horlosies Op Gevaarlys

**Sedert Augustus het die regering van Suid-Württemberg-Baden protes by die Franse besettingsowerheid aangeteken oor die afbreek van die horlosiefabrieke wat na Frankryk verwyder word.**

Vir die Franse gaan dit nie hier om die afbreek van oorlogsgevaarlike fabrieke nie, maar om die uitskakeling van 'n gedugte mededinger op die wêreldmark. **Die afbreek van hierdie fabrieke, so skryf Tribune, beroof Suid-Württemberg van een van sy grootste nywerhede en dit beteken dat duisende gespesialiseerde werkers, wat hulle moeilik elders kan aanpas, werkloos gelaat word.** Ook vir die Duitse uitvoer is dit 'n gevoelige terugslag. Om die Franse regering in die herstelbetalings tegemoet te kom, het die owerheid van Württemberg aangebied om ander masjinerie aan die Franse af te staan in ruil vir die van die horlosiefabrieke. **Die Franse regering het die voorstel verwerp op grond van die feit dat hy gebonde is deur 'n lys van fabrieke wat afgebreek moet word waaroor die verskillende besettingsmoondhede ooreengekom het.**

### BRITSE BELANGE

Watter aandeel Britse nyweraars in die opstelling van hierdie lys gehad het, blyk uit die notule van die „British Clock and Watch Manufacturer's Association" wat getuienis lewer dat privaatbelange die Britse regering oorreed het om lastige mededingers uit te skakel.

Onder andere, lees die notule van die 15de jaarvergadering van die betrokke Britse vereniging as volg: „Meneer Barret het gedurende die afgelope drie jaar lang onderhandelings gevoer om te verkry dat die produksiepeil van die Duitse horlosienywerheid op 72 persent vasgestel moet word met 1938 as basis. **Hy het tans daarin geslaag om die peil na 50 persent af te bring. So het hy dus die beoogde resultaat bereik en hoewel daar geen twyfel bestaan dat die Duitsers later hul horlosienywerheid weer op 'n hegte grondslag sal plaas nie, beskik die Britse nywerheid in elk geval oor 'n verposing om homself stewig te organiseer. Danksy die bemoeiing van mnr. Barrett sal 'n deel van die Duitse fabrieke tans afgebreek word. Mnr. Cope het onlangs 'n inspeksiebesoek by die fabrieke afgelê; hy het tegelykertyd ook die masjinerie wat na ons oorgebring sal word, besigtig," aldus die verslag van die Britse horlosiemakers.**

Terwyl die Britse regering sowel as die Amerikaners aan die een kant predik dat Duitsland op die been gebring moet word, word elke moontlike middel wat Duitsland in staat kan stel om weer te herstel op skaamtelose wyse van hom geroof.

Uit die notule van die Britse horlosienywerheid blyk dat Frankryk nog lank voordat daar ooreengekom is oor die aftakeling van Duitse fabrieke, die beste Duitse toerusting reeds afgebreek en dit vir homself toegeëien het. Oor hierdie voorsprong wat die Franse bo hulle gekry het, voel die Britte verontwaardig. Daarby het die Franse groot hoeveelhede van die Duitse produksie spotgoedkoop gekoop in 'n poging om die Britte die loef op die wêreldmark af te steek.

# Neurenberg-Spook Sweef Oor Britse Militêre Staf


**Nou dat daar weer sprake is van 'n nuwe oorlog, begin soldate afvra of dit in die lig van Neurenberg se uitspraak veilig is om aan 'n oorlog deel te neem, aangesien jy moontlik aan die verloorkant kan wees en die oorwinnaar jou daarvan kan beskuldig dat jy 'n agressiewe oorlog beplan en daaraan deelgeneem het.**

Blyke van hierdie vrees word uitgespreek in 'n brief wat onlangs in die Britse blad Spectator verskyn het. Die briefskrywer verklaar dat die volkere die implikasies van die uitspraak van die Neurenbergse hof in die gesig moet staar: **„Dit is deur die hof neergelê dat ondergeskiktes nie onskuldig kan pleit op grond van bevele van seniors vir die beplanning en loodsing van 'n agressiewe oorlog nie. . . .** Hierdie uitspraak, watter regswaarde dit ook al mag hê, het verwoesting aangerig in die Britse grondwet waarvan 'n kardinale beginsel is dat die militêre ondergeskik is aan die politieke owerheid. Daarbenewens het dit ook die grondslag van die dissipline in die vloot- leer- en lugmag ondermyn.

„Hoe kan 'n stafoffisier onderskei of hy 'n oorlog beplan wat later as agressief beskou mag word. Die beskerming van sy politieke owerheid sal hom niks help as die oorlog verkeerd uitdraai nie.

**„Die skrywer verklaar dat al veilige uitweg wat daar vir offisiere oorbly, is om te weier om enige beplanning te doen.**

## STEEDS VINNIGER



**Die Meteor IV-spuitvliegtuie van die Britse lugmag op die foto is tot onlangs beskou as die vinnigste vliegtuie ter wêreld. Hulle kan 'n snelheid van 600 myl per uur bereik. Kort gelede het die Amerikaners aangekondig dat hulle 'n vliegtuig ontwerp het wat vinniger as klank (740 m.p.u.) beweeg. Die afgelope week is daar uit Cleveland berig dat 'n vuurpylvliegtuig van die Amerikaanse lugmag — 'n SX-tipe — 'n snelheid van 1,000 myl per uur bereik het. Die vliegtuig is deur vier verskillende loodse bestuur en het 'n spoed behaal wat wissel van 850 tot meer as 1,000 myl per uur. Die Russe maak daarop aanspraak dat hulle vegvliegtuie het wat 630 myl per uur bereik. Hulle is voorsien van Britse spuit-motore. Die nuus hiervan het groot opskudding in Amerikaanse militêre kringe gemaak. Eers nadat meer as 60 van hierdie motore na Rusland uitgevoer was, het die Britse regering dit verbied.**

## Wil Aftakeling Nou Belet

**Genl. Clay, Amerikaanse militêre goewerneur in Duitsland het verklaar dat die bevele vir die aftakeling van 300 fabrieke in Wes-Duitsland in heroorweging geneem moet word om vas te stel of dit in die beste belang vir die herstel van Europa is. Hy het nie die name van die fabrieke genoem nie maar het verklaar dat sommige van die aftakelings reeds begin het.**

**Dit het Amerika drie jaar geneem om te besef dat dit nie die belang van Europa is om Duitsland van sy lewensmiddele te beroof nie! Brittanje en Frankryk besef dit nog nie.**

## KELDERS NOG NODIG

Die regering van Brittanje het verskillende stadsrade aangeraai om nie voort te gaan met die sloping van skuilkelders nie, aangesien dit nog weer gebruik mag word.

# ROOIES KNAAG AAN FRANSE BESTAAN

**Die staking van die Franse mynwerkers wat geskied op bevel van die Kommunisties-beheerde Mynwerkersfederasie, is besig om die omvang van 'n opstand aan te neem en die Franse ekonomie te ontwrig.**

Die 500,000 steenkoolgrawers staak al sedert die begin van verlede week as gevolg van die regering se voorneme om ekonomiese besnoeiings in die genasionaliseerde steenkoolnywerheid toe te pas. Die Kommuniste gebruik hierdie argument slegs as 'n dekmantel om die werklike doel van die staking te bedek: die oorname van die staat nadat hulle chaos geskep het.

Die Franse eerste minister het die naweek gedreig om die staking met geweld te beëindig. Die Kommuniste het hom egter geantwoord dat hulle vasberade sal voortgaan. Intussen dreig ander vakbonde, waaronder die spoorwegwerkers om ook te begin staak.

**Die stakings kos Frankryk elke dag presies soveel as wat hy aan Marshallhulp ontvang.**

## GOUDINI SE BEDRAG

Die kommando van Goudini het op 18 September hul O.B.-dag-funksie gehou en £151 ingesamel waarvan £9 deur die Boerejeug. As gevolg van 'n masel-epidemie kon byna die helfte van die kommando nie die funksie bywoon nie.

Daar het nietemin groot geesdrif en belangstelling geheers en dr. Erika Theron, Hoofvrou van die O.B. in Wes-Kaapland, het 'n besielende rede gehou oor die taak van die O.B. en hoe hy hom moet laat geld onder huidige omstandighede.

## O.B.-Jaarboek Binnekort Beskikbaar

**Die Uniale Jaarboek van die Ossewabrandwag is nou in die pers en sal teen die einde van November beskikbaar wees, volgens die Sentrale Hoofkwartier meedeel.**

**Hierdie eerste Uniale uitgawe is 'n pragstuk en sal allerweë waardeer word. Die boek beslaan 96 bladsye waarvan 28 bladsye foto's van opregte laertrekke, ens. bevat. Die Jaarboek voorsien in 'n dringende behoefte wat reeds lank gevoel is. As u nog nie 'n eksemplaar van hierdie pragwerk bestel het nie, stuur dan dadelik u 2/6 aan Sentrale Hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria.**

## REGTERS MOET KOMMUNISTE WEES

**Die Kommunistiese regering van Hongarye het 101 regters en openbare vervolgers — sowat een-tiende van die land se totaal — afgedank omdat hulle „onbetroubare elemente " is. Dit is deel van die suiweringsveldtog wat tans deur die Rooies van stapel gestuur word.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# A.P.-Kongresse In Kaapland en Tvl.

**Die Afrikanerparty van Wes-Kaapland hou op 2 en 3 November 'n Afdelingskonferensie in die stadsaal, Paarl, waarop sowat 80 takke verteenwoordig sal wees om sake rakende organisasie, ens., te bespreek, na mnr. W. R. Laubscher, sekretaris van die Party in Wes-Kaapland, meedeel.**

Die konferensie neem Dinsdagmiddag 'n aanvang en gedurende die aand word daar 'n openbare vergadering in die stadsaal gehou wat toegespreek sal word deur dr. D. G. Conradie, L.V. vir Uitenhage en Adjunk-Speaker en voorsitter van Komitees. Die konferensie sal sy werksaamhede die volgende dag voortsit.

Elke tak sal verteenwoordig word deur een afgevaardigde en lede van die Afdelingsbestuur sal ook aanwesig wees. **Die Sekretaris doen 'n dringende beroep op alle A.P.-takke in Wes-Kaapland om so spoedig moontlik vergaderings te belê waarop afgevaardigdes gekies en beskrywingspunte opgestel moet word. Beskrywingspunte moet die Sekretaris, Groote Kerkgebou 705, Kaapstad, nie later nie as 30 Oktober bereik.**

Die Sub-afdelingsbestuur van die Paarl reël tans vir verblyf. Afgevaardigdes moet asb. sorg dat hul name voor 30 Oktober by bostaande adres ingehandig word. Die Sekretaris sal hulle in kennis stel waar hulle tuis moet gaan.

### UNIALE KONGRES

Die konferensie word opgevolg deur 'n Uniale kongres van die Party gedurende die eerste twee dae van Desember op Brakpan. Meer as duisend afgevaardigdes word verwag. Takke dwarsdeur die Unie moet sonder versuim reëlings tref om afgevaardigdes te stuur wie se name aan die Sekretaris, Posbus 8262, Johannesburg, nie later nie as 8 November, gestuur moet word. Vir losies moet afgevaardigdes direk in verbinding tree met mnr. F. Kolbe, Posbus 230 Brakpan.

**Mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty sal die kongres toespreek en sal na verwag word 'n omvattende oorsig gee van die Afrikanerparty se beleidsrigting.**

## Vergaderings Van A.P.

**Die Afrikanerparty in Wes-Kaapland is druk aan die organiseer en 'n hele reeks vergaderings, wat deur oud-sen. Naas Raubenheimer toegespreek sal word, word hierdie week gehou.**

**Gisteraand sou oom Naas, vergesel van mnr. W. R. Laubscher, sekretaris van die Party in Wes-Kaapland, 'n A.P.-vergadering op Rawsonville toespreek. Vanaand word daar een te Kweekkraal gehou, terwyl oom Naas môreaand saam met die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, 'n O.B.-vergadering in Belville toespreek. Vrydagaand word daar 'n A.P.-vergadering op Moorreesburg gehou en Saterdagaand op Tulbagh in die stadsaal. Die verrigtige begin om 8-uur n.m.**

U Linnepakkie is by
Steyns
Die Modewinkel
PAROW

*Nuus aan alle Leesliefhebbers!*
DIE VLAM-BIBLIOTEEK
Teen spesiale verminderde pryse aan Intekenare
'N REEKS PUIK NUWE AFRIKAANSE ROMANS, ENS.
•
ONDER ANDERE SAL VERSKYN
* BY DIE STERFBED VAN 'N VOLK — deur M. J. Pienaar
* ROOI VERRAAD — deur Magda Boyce
*Vanaf begin 1949 sal 6 tot 8 boeke jaarliks verskyn — almal met boeiende temas*
INTEKENVORM
AAN: Saamwerk Hulpvereniging Beperk,
Posbus 1230,
PRETORIA.
Vind asseblief ingesluit 'n bedrag van 7/6 vir 'n eksemplaar van u eerste publikasie. Ek onderneem om intekenaar te bly vir die volle jaar 1949, en om by ontvangs van elke boek die bedrag vir die volgende boek aan te stuur.
NAAM:........................................
ADRES:........................................
Maak seker van u eksemplare deur dadelik 'n intekenaar te word. By ontvangs van elke boek betaal u vooruit vir die volgende een. Stuur die intekenvorm saam met 7/6 vir die eerste boek, aan: „DIE O.B.," SAAMWERK HULPVERENIGING BEPERK, POSBUS 1230, PRETORIA.

# FRANSE NEEM TOEVLUG TOT VOLKSBEWEGING

**Frankryk — naas Duitsland een van die laaste vestings teen Bolsjewisme op die vasteland van Europa — het sedert die einde van die oorlog tot so 'n mate die slagoffer geword van regeringsveranderings en Kommunistiese-ingegewe stakings, dat hierdie bondgenoot van Amerika en Brittanje besig is om op 'n anargie af te stuur. Dit is daarom dat die Franse volk na 'n leier soek om hulle uit hierdie chaos te red, en volgens buitelandse waarnemers is dit veral genl. Charles de Gaulle wat hiervoor in aanmerking kom.**

Genl. De Gaulle en sy Franse Volksbeweging het sedert dit duidelik geword het dat partypolitieke spel Frankryk magteloos maak, vinnig in gewildheid toegeneem sodat daar vandag reeds voorspel word dat hy 'n meerderheid sal behaal as daar nou 'n verkiesing uitgeskryf word — iets waarop De Gaulle sterk aandring, hoewel hy ook sinspeel dat hy nie sal wag op 'n algemene verkiesing om sy doel te bereik nie.

Die verslegte internasionale politieke en ekonomiese toestand wat moontlik op 'n wêreldkrisis mag uitloop, verbeter die kanse van De Gaulle om leiding in Frankryk oor te neem aansienlik, en waarnemers van die goed ingeligte blad Review of World Affairs spreek die mening uit dat dit moontlik nog hierdie jaar of vroeg aanstaande jaar kan gebeur.

### BAIE WELKOM

De Gaulle het hom die afgelope tyd besig gehou met propaganda-toere deur Frankryk waarop hy sy standpunt gestel het. Orals waar hy hom begeef het, het hy 'n goeie ontvangs gehad en die veiligheidsmaatreëls wat daar getref is om Kommunistiese demonstrasies die hoof te bied, het dikwels onnodig geblyk. **Selfs in die mees vyandige dele van die land het die polisie hul verbasing uitgespreek oor die ontvangs wat De Gaulle geniet het.** Hy staan daarop dat 'n verkiesing uitgeskryf moet word, maar so bang is die huidige partykombinasie vir hom dat hulle nie daarvan wil hoor nie.

### SY BELEID

Aan die Franse volk het hy dit reeds duidelik laat verstaan dat as hy aan bewind kom hy (1) die genasionaliseerde ondernemings aan privaat ondernemings sal verhuur of verkoop en dat hy Amerikaanse beleggings in Frankryk sal aanmoedig; (2) dat hy die arbeid sal reël en langer werksure sal toepas indien dit nodig word en dat daar 'n einde aan die Kommunistiese stakings gemaak sal word; (3) dat hy 'n gesagstaat daar sal stel; (4) **dat die verdedigingsbeleid voorrang sal geniet en dat hy dadelik politieke en ekonomiese betrekkings met genl. Franco van Spanje sal aanknoop.**

### BANG VIR SOWJET

Review of World Affairs, wat 'n onderhoud gehad het met persone wat in noue voeling met genl. De Gaulle verkeer, skryf dat laasgenoemde van mening is dat indien daar nie spoedig iets gedoen word om Rusland aan bande te lê deur 'n teenwig op te werp nie, sy mag spoedig groter sal wees as dié van die V.S.A.

De Gaulle het sekere historiese kaarte in sy mou wat hy sal speel as die tyd daarvoor ryp is. Dit sluit 'n merkwaardige brief in wat pres. Roosevelt aan De Gaulle geskryf het net na die Yalta-konferensie. Wanneer dit gepubliseer word, sal dit 'n aansienlike sensasie veroorsaak; dit het glo betrekking op die internasionale toestand soos De Gaulle dit destyds gesien het — èn wat nou blyk juis te gewees het.

Ander stukke sal lig werp op sy oorlogsoptrede. Onder andere word die loslating van Kommuniste in Algiers nog as paaiboelie teen hom gebruik. **Hy het bewyse dat hy dit gedoen het onder druk van Winston Churchill.** Sy besoek aan Moskou sal hy ook kan ophelder.

### LOSLATINGS

**De Gaulle is ook van voorneme om alle politieke gevangenes behalwe die wat van werklike misdade beskuldig is, uit die tronk los te laat.** Maarskalk Petain sal nie losgelaat word nie, maar toegelaat word om onder menslike omstandighede te lewe. Die ou veldheer is tans 93 jaar oud en sy gesondheid is uiters kritiek.

Met die Kommuniste gaan De Gaulle ook afreken. Sy veiligheidsafdeling maak reeds 'n studie van hul bedrywighede en hulle sal in die openbaar en volgens regsbeginsels verhoor word, aldus De Gaulle.

In 'n onlangse persgesprek het De Gaulle verklaar dat die wil van die volk nie weerstaan kan word nie en dat geen protes of staking sal verhoed dat hy bewind aanvaar. Hy het die Franse regering van onwettige optrede beskuldig deur die munisipale verkiesings uit te stel. Die Franse algemene verkiesing vind eers oor drie jaar plaas, en volgens aanduidings gaan De Gaulle nie so lank wag voordat hy na die mag sal reik nie.

## HET RUSLAND ATOOMBOMME ?

**Swaar ontploffings wat vertolk is as atoombom-ontploffings is die afgelope week in Switserland geregistreer, maar die regering het stilswye daaroor versoek.** Volgens die aanduidings moes die ontploffings in Rusland voorgekom het. Daar is op gewys dat kragtige ontploffings heeltemal ander grafiese tekenings toon as in die geval van 'n aardbewing, hoewel daar geen positiewe manier is om vas te stel of dit atoomontploffings was nie.

Die Duitse weerkundige diens in Stuttgart het ook aardskokke wat in Siberië plaasgevind het, geregistreer. Hulle verklaar egter dat dit maar net gewone aardskokke was.

**In die V.V.O. het die Russiese verteenwoordiger verlede week gesê dat daar gehandel word asof Amerika die monopolie oor die atoom het, maar Rusland kan, as dit nodig is, hierdie veronderstelling met bewyse neerlê wat baie ongemaklik sal wees vir diegene wat meen dat hulle die base is.**

## Bloemfontein Se Funksie

**Bloemfontein gaan vanjaar sy O.B.-dag funksie op 16 Oktober hou. Die verrigtinge begin die oggend om 10-uur met 'n verkoping in die Fichardtsaal. Prof. A. P. Malan wat die openingswoord sal waarneem sal sy toespraak om 11-uur lewer.**

**Van 12 tot 2 n.m. bedien die dames van die Spoorwegkommando 'n koue eetmaal en net daarna sal Hfdt. Vale Ferreira die aanwesiges toespreek.**

**Verder word ook 'n uitstalling gereël van artikels wat deur geïnterneerdes in Koffiefontein en die Sentrale Gevangenis gemaak is.**

# GROOT PRESTASIE VAN TWEELING

**Die kommando's van Tweeling onder leiding van hfkomdt. Danie Meyer het vanjaar O.B.-dag op 25 September baie suksesvol gevier, en die mooi bedrag van £70 geïn. Vir 'n klein plekkie soos Tweeling is dit waarlik 'n prestasie.**

Genl. Piet Badenhorst het om 10-uur die verrigtinge met 'n kragtige toespraak geopen en om 3-uur sou die K.G. verwelkom word, maar tot almal se spyt was hy deur siekte verhinder om teenwoordig te wees. Gelukkig kon genl. Herold van Springs, wat spesiaal oorgekom het, in sy plek optree, en met sy kragtige en inspirerende boodskap wat telkens onderbreek was deur luide toejuiging, het hy almal besiel met nuwe moed en oortuiging. Tweeling se offisiere staan steeds op hulle pos. Hulle werk nie net wanneer dit Fondsdag of Majubadag is nie. **Een Veldkornetskap tel nou meer as 60 Brandwagte en in daardie selfde wyk is daar nog net 3 persone wat nie by die O.B. wil aansluit nie.**


GENL. PIET BADENHORST

# HOLLANDERS STEL O.B. VOOR AAN LANDGENOTE

**'n Interessante beskouing vanuit Nederland oor die Ossewabrandwag word gevind in 'n artikel in die Christelik-kulturele maandblad, „Op den Uitkyk" deur I. Stap, wat kort gelede as afgevaardigde van die Nederlandse Bond van Jongeliedeverenigings op Gereformeerde grondslag, 'n besoek aan die Unie gebring het.**

Hy gee 'n oorsig van die politieke stryd van die Afrikaner wat nie baie vleiend vir genl. Smuts en sy voorganger, genl. Botha, is nie. Hierdie leiers, so skryf hy, se beleid was om die Afrikanerverlede te verloën terwille van Engelse samewerking. Teen hierdie beleid het die Boere in 1914 in opstand gekom. „Maar nog veel groter omvang het die rebellie onder leiding van die O.B. (Ossewabrandwag) in 1939 aangeneem toe die parlement besluit het om hom in die Tweede Wêreldoorlog aan die sy van Brittanje te skaar en duisende Afrikaners na die Noorde gegaan het om die Engelse Empire teen die nasionaal-sosialistiese en fascistiese magte by te staan. Toe het daar weer verdeeldheid onder die Afrikaanse geledere gekom. Onder die Engelse vlag gaan dien? — dit nooit nie! het die O.B. gesê.

### ONTSTAAN

„Hierdie O.B. het sy ontstaan te danke aan die eeufees van 1938 toe dit was asof 'n milde mannereën van liefde, verdraagsaamheid en waardering onsigbaar met elke Voortrekkerwaentjie saamgetrek het om neer te sak op almal wat om daardie waentjie geskaar het."

Die Afrikaners, so gaan hy voort, het in drie groepe verdeel. Die eerste groep was dié wat saam met die Brit na die oorlog gegaan het, die tweede was dié wat alleen langs die wettige weg hul roeping gesien het. „Die derde groep was die groep van die O.B. As 'n suiwer kulturele organisasie in 1938 begin, het hy nou ontwikkel as 'n militêr-gedrilde groep van merendeels jongmanne wat deur opruiing en sabotasie die Engelse lelik in die wiele gery het. As hy dan nie toegelaat was om neutraal te wees nie, as hy moet kant kies vir of teen die Empire, dan was dit vir die Ossewabrandwag 'n vanselfsprekendheid dat hy nooit die imperialistiese kant kan kies nie."

### SOOS IN HOLLAND

„Telegraaf- en telefoondrade is deurgesny, militêre geboue opgeblaas, polisie en militêre gemolesteer, skepe beskadig, en so moontlik getorpedeer — parallel met die ondergrondse beweging hier teen Duitsland.

„Gevolg: Teenmaatreëls van die regering! Klopjagte, arrestasies, opsluiting in sel en konsentrasiekamp. ‚Histeriese en onregverdige vervolgingsug', het die O.B.-er gesê. Agt-en-vyftig man is ses maande lank in selle van die Fort in Johannesburg aangehou sonder dat 'n aanklag teen hulle ingedien was, sonder dat hulle toegelaat was om hul prokureur te sien, sonder dat hulle voor 'n hof gedaag was. Toe het hulle tot hongerstaking oorgegaan om die regering te dwing om hulle òf aan te kla òf los te laat. Daarop is 'n aanklag van hoogverraad teen hulle ingedien. Vyftien maande het dit geduur voordat hulle voor die hof verskyn het. Toe is die saak verdaag en almal in 'n konsentrasiekamp opgesluit. Nie alleen mans, maar ook meisies en jongvroue met suigelinge is sonder aanklag in selle opgesluit.

### VROUEMOED

„Een geval van baie wat in die geskrifte van Die O.B. te vind is. 'n Jongman het geweier om in die sel aan die polisie mededelings te doen omtrent sy kamerade. Hulle het toe na sy jong vroutjie gegaan, wat in 'n baie delikate gesondheidstoestand was, om haar te versoek om druk op haar man uit te oefen dat hy moet praat. Hulle het niks teen haar man gehad nie, en as hy maar net die vrae wou beantwoord, dan sou hulle hom loslaat. Sy het by hom in die sel gekom en in teenwoordigheid van die polisie hom as volg aangespreek: **„Hulle sê as jy verklik kan jy na my toe terugkom. En, ag, ek het jou nodig — so nodig soos ek nog nooit iemand in my lewe gehad het nie. Maar ek sê vir jou nou en hier, dat as jy teen jou mede-Afrikaner getuig, dan wil ek jou nooit weer sien nie en jou eie kind sal jou nie wil ken nie."**

### NOODHULPFONDS

„In Januarie 1941 was daar al tussen 400 en 500 man in die konsentrasiekamp opgesluit. Hul gesinne is aan armoede prysgegee, maar die O.B. het 'n noodhulpfonds ingestel en aan die einde van die oorlog was vir die noodlydende gesinne reeds £85,000 aan kontant alleen ingesamel. Nog altyd tot op die huidige dag word daar vir die getrefde gesinne geoffer en word liefdegawes ingesamel vir hulle wat nog nie vrygelaat is nie.

„Liefdegawe vir die mannebroeders, haat en wrok vir die ‚perfide Albion' wat hom in die kreet uit: ‚Ons het maar een vyand, en dit is Engeland.' "

Ten slotte lui die artikel dat haat vir Engeland menige Afrikaner waardering laat kry het vir die nasionaal-sosialisme, maar dat as aan hulle verduidelik word wat presies die nasionaal-sosialisme is, dan sê hulle: „Ja, maar so is ons nie nasionaal-sosialisties nie."

## Administrateur Vir Transvaal

**Dr. W. Nicol sal die volgende Administrateur vir Transvaal wees. Na verwag word sal hy sy pligte op 1 November aanvaar. Ten gevolge hiervan sal hy moet bedank as Moderator van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk.**

Intussen het die Hooggeregshof van Transvaal uitspraak gegee dat die amp van mnr. S. A. Lombard as waarnemende administrateur, ongeldig was. Die saak het gespruit uit 'n aansoek van die Pretoria-stadsraad teen die proklamasie van die waarnemende administrateur in verband met nuwe stadswyke.

Die bevinding van die hof sal meebring dat die regering by wyse van spesiale wetgewing alles sal moet goedkeur wat deur mnr. Lombard gedoen is.

## NUWE L.V. VIR GROENPUNT

Maj. Piet van der Byl wat met die tussenverkiesing te Bredasdorp verslaan is, is verlede Vrydag onbestrede tot volksraadslid vir Groenpunt verkies. Die vakature het ontstaan as gevolg van die dood van mnr. R. W. Bowen. Maj. Van der Byl is een van die weinige Afrikaanssprekende L.V.'s van die Verenigde Party, en toe daar oor sy nominasie besluit moes word, het een partyvoorman beklemtoon dat hy darem weet wanneer om op die platteland „Oom" en „Boetie" te sê.

## Na 40 Jaar

**Die Cape Times bevat 'n beriggie waarin die volgende voorkom: „Mnr. Greenwood, 'n man van Yorkshire, het in 1908 na Suid-Afrika gekom en by sy aftrede uit die diens van 'n stedelike firma aan die end van verlede jaar, het hy begin om Afrikaans te leer." Daar word bygevoeg dat mnr. Greenwood op die ouderdom van 68 jaar die beste in die Tegniese Kollege se Afrikaanse klas is.**

**Blykbaar ontbreek dit 'n mens aan lus om Afrikaans te leer solank jy in die diens van sommige Kaapstadse firmas is.**

## Hofgeding Oor Setel Talm Nog

Dit is moontlik dat die petisie van adv. John Vorster wat sal beslis oor wie die L.V. vir Brakpan moet wees, en wat volgens plan op 29 November in die hof moet dien, weer uitgestel sal word, aangesien die sittende lid, mnr. A. Trollip, wat met twee stemme die paal gehaal het, tans in die buiteland is en dit nie seker is of hy voor daardie datum terug sal wees nie.

Die petisie teen mnr. S. J. Tighy sal waarskynlik op 1 November in die hof dien en dié een teen Minister Ben Schoeman op 15 November.


## RUSSE EIS SKEPE

**Rusland het Italië versoek om nou onmiddellik die oorlogskepe waarop hy kragtens die Italiaanse vredesverdrag geregtig is, af te lewer. Engeland en Amerika het hulle aansprake op die skepe prysgegee mits dit gesloop word.**

## DUITSE PLASE VIR BRITSE IMMIGRANTE

**Een-en-negentig plase in Tanganyika wat voorheen aan Duitsers behoort het, maar wat deur die Britse onteien is toe die besitters na Duitsland gedeporteer is, is nou aan Britse immigrante gegee.**

## WIL BOIKOT VOORKOM



Britse rolprentmaatskappye voel onrustig oor die verlies wat hulle ly as gevolg van die georganiseerde Amerikaanse boikot van Britse rolprente. Uit Londen is die afgelope week berig dat die moontlikheid oorweeg word om films wat die teaters nie wil draai nie, deur middel van televisie aan die Amerikaners te vertoon. Brittanje het hom sedert die einde van die oorlog veral toegelê op die maak van televisietoestelle wat aanpas by Amerikaanse toestande. 'n Britse werker is hier besig om een van die pas voltooide televisietoestelle wat hy uitvoer bedoel is, na te gaan voordat dit verpak word.

## KOMMUNISTE GEBAN

**Maleia het besluit om die binnekoms van alle Kommuniste, waaronder lede van die Britse en Australiese Kommunistiese partye, te belet. Kommuniste wat reeds die land ingekom het, sal gedeporteer word. Daar sal geen uitsondering gemaak word nie. volgens 'n amptelike aankondiging.**

VIR BESONDERHEDE AANGAANDE
VASTE EIENDOM
★ Boupersele
★ Woonhuise
★ Plase
★ Besighede vir die Kieskeurige Persoon
RAADPLEEG:
J. (KOTIE) THERON
CROXLEY-GEBOU
KUSWEG - STRAND
POSBUS 78 — FOON 267
Strand-erwe en Huise te Koop


WEES BESKERM!
BRAND-Assuransie by—
SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie.

Die Gelukkige Keuse
Probeer die nuwe SPRINGBOK- „Medium"


OOK IN 10's EN 50's MET OF SONDER KURK
G2-1033

DIE O.B., WOENSDAG, 13 OKTOBER 1948

# Versmaaide Hulp

Onderwyl die Franse en Engelse staatsmanne nog krampagtig vaskleef aan 'n lys fabrieke wat in Duitsland afgetakel moet word ten einde te verseker dat hierdie land, wat slegs met Geallieerde skenkings op die oomblik aan die lewe gehou word, nie 'n derde wêreldoorlog sal ontketen nie, begin die Amerikaners nou blykbaar tot die ontdekking te kom dat die derde wêreldoorlog nie deur Duitsland nie, maar stellig deur „kameraad Stalin" aan brand gesteek kan word. In daardie geval kan Duitsland besmoontlik van hulp vir die Weste wees — indien hy toegelaat word om te lewe — so skyn die gedagtegang in amptelike kringe nou langsaam te loop. Daar word dus op die Franse en Britte druk uitgeoefen om die hele beleid van sloping van nywerhede in hersiening te neem. Die 300 fabrieke op die swartlys wat na drie jaar van stelselmatige aftakeling nog gewerp word teen Rusland. **Maar selfs daarvoor sien die oorgebly het, moet nou as 'n wanhoopspoging in die skaal Britte en Franse nie kans nie. Hulle stribbel teen.**

**SPANJE**

Maar die Duitse volk is nie die enigste faktor wat teen die Oosterse agressie ingeskakel kan word nie. In die Suidwes-hoek van Europa lê daar 'n uiters strategiese land wat die ingang tot die Middellandse See beheer. **Hierdie land het in die afgelope oorlog 'n strenge onsydigheid gehandhaaf, behalwe dat hy toegelaat het dat 'n vrywilligersleër teen die Bolsjewiste in die loopgrawe geveg het waar Britse Tommies en Amerikaanse Yankees eersdaags stelling sal moet gaan inneem om die beskawing te red.** Genl. Franco het hierdie onsydigheid gehandhaaf ten spyte van die feit dat hy onder die duurste verpligting gestaan het teenoor Hitler en Mussolini met wie se hulp hy in staat gestel was om die rooi verderf uit Spanje te verdryf. Maar onder bekoring van die heildronke van „premier" Stalin het die Westerse moondhede in 1946 besluit dat Spanje as 'n uitvaagsel behandel moet word. Alle diplomatieke betrekkinge met hom is afgebreek, hy is uitgesluit van die V.V.O. en daar is selfs gepraat van die toepassing van ekonomiese sanksies teen hom — **hierdie land wat onsydig gebly het!** Maar daar is nog verder gegaan om die „beskawing te red" — soos hy ook in Duitsland „gered" word deur middel van die aftakeling van horlosiefabrieke: **Westerse staatsmanne het in 1946 plegtig saamgesweer met die uitgeboenderde leiers van die rooi skrikbewind in Spanje om ontslae te raak van die wettige regering van die Spaanse volk.**

En wat was nou eintlik die sonde van genl. Franco? **Hy het glo ondemokraties opgetree toe hy sy vaderland uit die kloue van Moskou gered het. In plaas van tot die stembus te gaan en as opposisieleier 'n marteldood in Siberië of die tronk te sterf, soos die een „opposisieleier" na die ander die afgelope paar jaar in Oos-Europa gesterf het, het hy na die enigste oorgeblewe wapen gegryp om die rooi skrikbewind van sy troon te stoot. Hy het met bomenslike soldatemoed en inspanning sy land bevry nadat die sogenaamde demokrasie nie in staat was om die rooies uit bewind te hou nie.**

Maar natuurlik, twee jaar gelede was Rusland ook nog demokraties. Toe het hierdie „demokrate" nog saamgesit op die regbank van Neurenberg en in die raadsale van die Verenigde Volke waar hulle „Demokratiese Handveste" gehelp opstel het. **Toe was dit nog „fascisties" om Rusland te kritiseer en was dit demokraties om Duitse offisiere op te hang vir die slagting van 50,000 Poolse offisiere in Katyn — 'n misdaad wat deur 'n internasionale Rooikruiskommissie op rekening van die Russe geplaas is.**

**„POLISIESTAAT"**

Maar die wêreld het twee jaar ryper geword. Vandag hoor ons nie meer van die „demokratiese" Rusland en van „premier" Stalin nie. Ons hoor nou van die Bolsjewistiese „polisiestaat" en ons verneem van twintig miljoen Russiese slawe in doringdraadkampe. **Nogtans, „diktator Stalin" se afgevaardigdes sit nog in die raadsale van die V.V.O. en genl. Franco sit op die ashoop, en Britse en Franse staatsmanne maak beswaar as Amerikaners begin praat van Spaanse hulp teen die Bolsjewisme. Hul bekommer hulle nog oor hul samesweringsverpligtings teenoor Bolsjewistiese huurlinge, wat by hulle nog swaarder weeg as die wêreldbedreiging van die Oosterse „polisiestaat". Want, kyk, genl. Franco het nie weer die Britse parlementêre stelsel ingevoer wat die Kommuniste indertyd in staat gestel het om Spanje te oormeester nie! Hy moet eers weer die parlementêre stelsel invoer, dan kan hy deelneem aan die onparlementêre stryd teen Rusland!**

Langs „fascistiese" Spanje lê „demokratiese" Frankryk, wie se besondere bydrae tot die „demokratisering" van sy buurman daarin bestaan het dat hy rooi bandiete toegelaat het om vanaf sy grondgebied aanvalle oor die Spaanse grens te doen. **Hierdie Frankryk het sedert die seëvierende afsluiting van die oorlog reeds elf regeringskrisisse gehad en berigte wil dat die Amerikaanse militêre owerheid nou openlik verklaar dat hulle Spanje die plek van Frankryk sal moet gee as afspringplek teen Rusland. Die demokratiese bewindloosheid in Frankryk maak hom 'n te gevaarlike staanplek vir 'n demokratiese leër!**

(vervolg in volgende kolom)

Maar selfs op hierdie stadium maak Britse staatsmanne nog beswaar teen die inskakeling van Spanje. Hulle, wat tot kort gelede bereid was om „premier" Stalin se polisiestaat as „demokraties" te aanvaar, is, sover dit beskaafde westerse anti-kommuniste betref, nie gewillig om iets anders as volksregerend te aanvaar behalwe die parlementarisme **wat Spanje in die rooi ellende gestort het en tans besig is om Frankryk so onveilig vir die beskawing te maak dat sy senior bondgenoot nie eens kans sien om sy bevrydingsleër daar te laat stelling inneem nie.**

# KLEINGEESTE EN DIE GROTES

**Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, skryf as volg na aanleiding van die berig dat die Britte voornemens is om sekere hoë Duitse offisiere te verhoor:—**

Enige eeue gelede het 'n Bevelvoerder wat in Griekeland geveg het, sy naam voor die vergetelheid gered deur goedsmoeds die wonderskone Akropolis van Athene te bombardeer en te skend. As hy dan te klein was om beroemdheid te verwerf dan wou hy minstens berugtheid erf; 'n sekere onbenullige sir Hudson Lowe het later in die geskiedenis ingegaan as die man wat die veroweraar van Europa en die byna aangebede held van die Franse volk, Napoleon, op St. Helena die lewe deur kleinlike vervolging vergal het. Met ander woorde, daar is sekere tipes wat slegs deur hul onaangename trekke bekend (om nou te swyg van „beroemd") kan raak. Min of meer soos die gal vanweë sy bitterheid.

Die Britse regering van die heer Attlee moet oppas dat hulle nie dieselfde skewe aanspraak op onvergeetlikheid gaan maak nie.

**TWEE BERIGTE**

Twee berigte uit Engeland, wat mekaar tot 'n mate neutraliseer: Die Britse regering gaan die Duitse beroepsoffisiere maarskalke Von Brauchitsch, Von Mannstein en Von Rundstedt glo van oorlogsmisdade aankla, **maar omdat die dade dié is wat binne die veroorloofde klas in die oorlogsreg val (met ander woorde: omdat die dade glad nie misdade is nie) gaan hulle die drie wêreldberoemde offisiere eers „demilitariseer" . . . . en wel met terugwerkende krag.** Ons weet dat hierdie bewering dol klink, maar dit is nie ons dolheid nie; dit is die dolheid van die Britse regering. Ons wil verder gaan: die hondsdolheid van die Britse regering. **Omdat die dinge wat onder die leiding van militêre offisiere geskied het in orde is luidens die oorlogsreg van alle volkere en omdat die aangeklaagdes dus nie skuldig bevind KAN word nie, moet hulle beskou word as burgerlike persone wat militêre handelinge uitgevoer of gelas het. Sodra 'n BURGERLIKE persoon sulke dinge doen is dit natuurlik strafbaar volgens burgerlike sowel as militêre wet.**

**ONAFSKEIBAAR**

„Maar die dade is mos heeltemal onafskeibaar van die militêre gesag wat hulle gevoer het!" sal die leser uitroep. Sonder die gesag sou die drie manne glad nie daardie dinge gedoen het nie; hulle sou glad nie in die veld gewees het nie; sou in hul tuin rose geplant het of wat ook al!

Die leser het heeltemal gelyk. **Dis onmoontlik om Von Rundstedt van sy Ardennes-offensief te skei deur hom deur 'n towerslag te „demilitariseer" . . . . . . en hom dan vir die Ardennes-offensief aanspreeklik te hou.** Mnr. Attlee se regering maak aanspraak op bonatuurlike magte wat selfs 'n Bavendatoordokter as bokant sy vuurmaakplek beskou. Nietemin, so hang die saak nou eenmaal saam.

**KAN HELP**

Ons wil vir niemand skerm wat wette oortree het en wat dit moet verantwoord nie. Maar hierdie bloeddronke huigelary laat elkeen onmiddellik simpatie voel vir die hoogstaande offisiere wat ses jaar lank teen die magte van vyf kontinente geveg het en wie se dienste ook vandag nog teen die Rooi Vloed uit Asië kon meehelp.

En ons is dankbaar dat daar in Engeland manne van aansien teen hierdie verbysterende misdaad protesteer, onder andere 'n Vlootadmiraal.

Ons is maar 'n klein volk en kan nie maklik 'n volksgenoot se lewe ontbeer nie. **Nietemin is daar minder bitterheid in die Afrikanervolk oor die omstreeks vierduisend gesneuweldes van die Driejarige Oorlog as oor die vyf man wat op Slagtersnek gehang is.** Waarom? Omdat dit 'n diepe waarheid is dat die gras baie vinnig weer groei oor 'n slagveld, maar nooit oor 'n skavot nie.

**ENGELSSPREKENDES**

En as burgers van 'n land, waar dit noodsaaklik is dat ons en die Engelssprekendes mekaar moet verstaan en mekaar moet leer respekteer, wil ons met nadruk sê dat die oorgrote meerderheid van die Afrikaners (sekerlik die hele O.B.) voorbeelde van die betere tipe gaan soek by dié manne en vroue wat hul regering se infame optrede laak; die regering self sou ons oorlaat aan die geselskap van die skobbejak wat die Akropolis geskend het en aan dié van sir Hudson Lowe . . . . 'n hiëna wat 'n sterwende arend se laaste ure vergal het.

# Russe Bring Duitse Leër Op Been

Rusland is besig om 'n Duitse leër van 40,000 man wat moet dien as polisie-amptenare in Russies-Duitsland op die been te bring. Al die sleutelposte word toegeken aan Duitse offisiere wat sedert die einde van die oorlog onder Von Paulus in Rusland opgelei is. Ook Duitse krygsgevangenes wat tydens hul verblyf in Rusland bearbei is deur die Kommuniste, word nou in hierdie leër opgeneem. Daar word gemeen dat dit die begin is van 'n Russiese poging om 'n pro-Sowjet Duitse leër op die been te bring.

# Afrikaners Bly In Argentinië Getrou Aan Godsdiens

**Daar is tans nog sowat 500 Afrikaners in Argentinië, volgens inligting wat op die onlangse Partikuliere Sinode van die Gereformeerde Kerk van Kaapland in Kaapstad verstrek is deur ds. Piet du Toit, sekretaris van die N.G. Kerk se Armsorgkommissie, wat uitgenooi was om die Sinode oor die onderwerp toe te spreek.** Hy het gesê dat hierdie mense nie ten guste van repatriasie na die Unie is nie, blykbaar weens die mate van verspaansing wat reeds onder die kinders plaasgevind het. Nogtans het hulle aan hul Afrikaanse tradisies en godsdiens getrou gebly.

**Tweederde van hierdie Afrikaners is lidmate van die Gereformeerde Kerk, en die N.G. Kerk het aanbeveel dat hulle deur 'n predikant van die Gereformeerde Kerk bedien moet word met steun van die N.G. Kerk.**

Die sinode het die aanbeveling aanvaar en prof. dr. J. P. Jooste van die Teologiese Skool, Potchefstroom, het aangekondig dat daar reeds 'n student ingewillig het om na voltooiing van sy studie na Argentinië te gaan.

# K.G. se Dank

**Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, rig onderstaande woorde van dank aan almal wat aan hom gedink het op sy verjaardag.**

Alle vriende wat so bedagsaam aan my telegramme met my onlangse verjaardag gestuur het, wil ek langs hierdie weg my warme dank betuig. Ons het baie dinge in hierdie afgelope sewe, agt jaar deurgemaak en baie dinge geleer. Maar die kosbaarste wat hierdie jare ons geskenk het, is die vriendskaplik en onderlinge vertroue en liefde wat in duisende harte ontkiem het. Die grootste en hegste kameraadskap in die Afrikanervolk is vandag die Ossewabrandwag, en elkeen van ons wens aan die ander toe alles wat goed en heilsaam is."

**SKILVRY**

**SKILVRY-SKILFER-** en Haarversterkmiddel genees skilfers en jeukende kopvel, laat nuwe hare groei en voorkom ontydige grys word. By alle aptekers of **Heynes Mathew, Kaapstad.** (2)

# GEEN REPUBLIEK SONDER WERK

**„Rypmaker", Pretoria, skryf:**

In 'n onlangse antwoord in die Volksraad het die Eerste Minister gesê dat die H.N.P. wel deeglik 'n republikeinse party is maar dat die volk nie ryp vir 'n republiek is nie. Ek verwelkom die eerste deel van die antwoord en wil hier my spyt oor die tweede deel te kenne gee. Mens vra jou af, as hierdie volk wat nooit 'n ander staatsvorm geken het nie as die republikeinse en wat enige jare gelede sy eerste Eeufees met tonele van aangrypende aandoening oor sy republikeinse verlede gevier het, nou nog nie ryp vir die republikeinse geloof is nie, dan is dit heeltergend om te sê wanneer hy dit wel sal wees.

Maar ek wil billikheidshalwe aanneem dat die Eerste Minister bedoel het dat die een volksdeel (die Engelssprekende Afrikaner) nie ryp is nie. Ek is geneig om saam te stem en ek wil verder gaan en sê dat so lank as die Ryksbande bestaan, sal hy nooit ryp word nie; nie omdat hy noodsaaklik 'n slegte Afrikaner is nie, maar omdat dit weer sy tradisie is. Solank as die Ryksbande bly — geen Republiek nie; en solank as daar geen Republiek is nie — bly die Ryksbande!

Siedaar die posisie soos die Eerste Minister dit blykbaar aanvaar.

In alle beskeidenheid wil ek aan die hand doen dat mens nie wag tot die posisie ryp word nie — hy gaan nooit ryp word sonder die nodige behandeling nie. **Hy moet ryp gemaak word.**

Hoe? Deur die republikeinse gedagte en die eenmakende uitwerking van een enkele trou (naamlik teenoor Suid-Afrika) en teenoor een enkele vlag (naamlik die Afrikaanse) van pas en onvanpas voor die volk, Engels- sowel as Afrikaanssprekend, te hou. Deur die republikeinse tradisie te beskou nie as iets wat aan die verlede alleen te behoort nie, maar ook — en veral — aan die toekoms. Deur non-republikeine (soos die oorgrote gros van die Engelssprekendes) nie te verstoot nie — waarom sou mens? — maar die oortuigde republikeine, soos die hele Ossewabrandwag, nog minder te verstoot.

Ek weet die pad is nie maklik nie; ek weet ook dat die raad nie sommer voor die handliggend is nie. Maar ek weet nog beter dat die maklike pad nooit die republiek of die republikeinse daadkrag sal bring nie.

Ek weet verder dat die heel maklikste pad is die een wat mens nog laat sê „ons is wel — maar die volk is nie ryp nie." Dit stel die republikeine tevrede (d.w.s. diegene buitekant die O.B.) en dit laat die volk (wat hou die skuld dra dat hy „onryp" is) voel dat hy hom nie hoef uit te sit nie, want die republiek van die Afrikaner is geleë in die Kammakammaland — „Oos van die maan en wes van die son."

Ons besef die moeilikhede (die O.B. het meer moeilikhede op die vierkant duim as die ander saam) maar ons besef ook dat alle stryd gemik is op 'n doel en dat 'n doel altyd in die toekoms geleë is; met ander woorde, nooit durf die leiding verslap en die indruk versterk dat van die doel nou afgesien word nie — tensy dit vanself soos manna uit die hemele gaan neerdaal op 'n volk wat oornag „ryp" geword het.

Wat die Ossewabrandwag betref, hy ploeg die republikeinse akker en hy eg dit en plant en besproei dit om al die vereiste omstandighede vir rypwording te verhaas en te verskerp.

En ons besef dat, met alle respek vir ons Engelssprekende mede-Afrikaners, dat dit te veel geverg van hulle is dat ons nou na hulle — wat geen republikeinse tradisies het nie — moet kyk om ryp te word aleer ons aan die werk gaan.




*Vir persoonlike frisheid*

*en betowerende welriekendheid*

*is die antwoord*

**K W V**

***-reukwater***

EN

***-laventel***

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

*Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders*
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4883, Johannesburg.


## S.J.-Standpunt

**Mnr. D. S. Roos, P.K. Nalelane, Oos-Transvaal, skryf:** In die uitgawe van Die O.B. van 29 September sien ek 'n stukkie oor die Stormjaers en jansalies van mnr. Dirk Hertzog wat my baie raak voorkom.

Ek is spyt dat dit nie in vet letters gedruk was, en aan elke Afrikaner in die land gestuur kan word nie. Daar is so baie welmenendes wat nie die S.J.-standpunt verstaan nie en dan die kern van ons volk veroordeel.

## Beheerlas Van Britse Volk

Ten einde die ontevrede Britse publiek te paai, het die Britse regering opdrag aan al sy departemente gegee om, waar moontlik, verligting aan te beveel in die toepassing van die duisternis beheermaatreëls oor die volk.

Volgens skatting gebruik die Britse staatsdepartemente 3,500,000 verskillende vorms wat almal betrekking het op kontrole van die openbare lewe. Die drukkoste hieraan verbonde word op £13,000,000 jaarliks gestel.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## GRAFTE BY PAUL ROUX

**Hfgenl. J. F. van der Merwe, P.K. Kaallaagte, skryf:** Onlangs het „Oom Ghandhi" in Die O.B. geskryf oor kindergraffies uit een van die Voortrekke.

Sy idee van 'n kranslegging op die graffies was ons eerste taak nadat die Ossewabrandwag op Paul Roux gestig was. Daardie dae was byna 100 persent nasionale Afrikaners eens in die stryd teen Suid-Afrika se deelname aan die oorlog. Haat en tweedrag was totaal vreemd en ons het almal baie sterk gevoel vir die behoud van ons nasieskap op gemeenskaplike gronde.

Ons weet nou met welke motiewe agterdog en tweespalt in ons geledere gebring is. Daardie dae was daar geen moeilikheid om met kort kennisgewing 'n paar honderd Brandwagte byeen te bring nie. Op 4 November 1939 het ons daar op daardie kindergraffies 'n pragtige krans gelê.

Sover ek destyds gehoor het, was dit kindertjies wat aan masels beswyk het en ek meen dat dit die trek van Landman of Liebenberg was. Ek is nie seker nie.

Ek besit 'n kiekie van daardie kranslegging waar die ware Brandwagte hul liefde vir hul eie verewig en die verdeling deur partypolitieke swendelary afgelê het.

## Verkiesing in Stellenbosch

**Die tussenverkiesing in Stellenbosch wat op 17 November plaasvind, sal tot tyd en wyl die parlement aanstaande jaar vergader, seker een van die belangrikste politieke botsings wees. Die H.N.P. sal al sy kragte moet inspan om die meerderheid van wyle mnr. Paul Roos (2,014) te behou ten einde te verhoed dat die Verenigde Party die uitslag voorhou as 'n aanduiding dat die regering agteruit gaan.**

Die jongste ontwikkeling sal die H.N.P. verplig om die verkiesing te voer oor definitiewe punte soos die politieke verteenwoordiging van naturelle en die jongste bepalings van die Kieswet wat die registrasie van Kleurlinge raak. Laasgenoemde veral sal deur die V.P. gebruik word om die meeste van die 1,324 Kleurlingstemme op hom te trek van wie baie glo verlede keer H.N.P. gestem het.

Wie die kandidate van die twee opponerende partye gaan wees, is nog nie 'n uitgemaakte saak nie. Die H.N.P. noem reeds die name van dr. Karl Bremer, prof. J. G. Meiring, dr. C. G. W. Schumann en prof. J. C. de Wet. Moontlik is daar nog buiteperde. Die V.P. aan die ander kant probeer om mnr. J. G. Carinus, Administrateur van Kaapland, te oorreed om hom verkiesbaar te stel.

**DIE MINISTER VAN BINNELANDSE SAKE** het ingestem om 'n afvaardiging van die Suid-Afrikaanse Indiërorganisasie op 20 Oktober te woord te staan in verband met opvoeding, gesondheid, maatskaplike welsyn en werkloosheid.

# WYE ONDERSTEUNING VIR LAERTREK VAN BOEREJEUG

Die Boerejeug van die Noordweste het van 24 September tot 1 Oktober 'n baie geslaagde Laertrek gehou op „Gifkloof", die plaas van hoofgeneraal J. A. de Wet Strauss, sowat 15 myl van Upington af.

Die kamp was onder die knap bevelvoering van die Jeugkommandant P. J. Taljaard.

Daar was sowat 100 laergangers, en saam met die besoekers aan die kamp was daar sommige aande sowat 140 om die kampvuur. **Baie van die besoekers was mense van verskillende sienswyses, en meer as die helfte van die laergangers het nie aan die Boerejeug behoort nie. Daar het egter so 'n aangename gees geheers dat ons vol vertroue is dat byna almal sal aansluit by die Boerejeug.**

Komdt. Taljaard het gesorg vir 'n volledige en leersame program vir elke dag. Laergangers is besiggehou met oefening van vlagparades, wagtewisseling, liggaamsoefeninge, skyfskiet, aanleer van die semafoonkode, praatjies om noodhulp, ens. Interessante besprekings oor die verskillende regeringstelsels is gevoer en almal het daaraan deelgeneem.

Menige laerganger sal nog baie terug verlang na die aangename aande van sang, musiek, voordrag en grappe om die kampvuur, en die uitstappies na die rivier. Ook sal die daaglikse inspeksie seker lank onthou word!

Ons is baie dank verskuldig aan Komdt. Taljaard vir sy opoffering en geduld, en vir alles wat hy ons geleer het; hy was werklik die siel van die laertrek. Ook wil ons ons dank uitspreek teenoor hoofgeneraal Strauss vir die kampterrein en ander geriewe wat hy tot ons beskikking gestel het, en die hulp wat hy verleen het. Ons bedank ook die plaaslike offisiere wat so fluks gehelp het. Veral wil ons Wagkaptein N. Swart noem; hy sal voortaan die leiding neem oor die Boerejeug van Upington. Ook sê ons baie dankie vir die tannies wat vir ons een aand op heerlike pannekoek onthaal het.

Ons hoop om aanstaande jaar in April weer 'n Boerejeug-Laertrek hier in die Noordweste te hou, en baie van ons sien reeds verlangend uit daarna.

**J. A. Joubert,**
(Komdt. J.A. 15)

## Groblershoop Berei Voor Vir Groot Fees

Hfkomdt J. Struwig van Groblershoop en komdt. W. Lubbe van Sultana-oord het onlangs 'n reeks geslaagde vergaderings in Kommando A17e2 gehou, berig ons korrespondent. Die vergaderings is besonder goed bygewoon en dit is duidelik dat samewerking vinnig posvat.

Die kommando het besluit om O.B.-dag op 22 Oktober te vier. Dit is die datum waarop die Ossewa Johanna van der Merwe in 1938 dié deel besoek het.

Komdt Lubbe het reeds 'n aantal groepleiers van die H.N.P. genader om gesamentlik die dag te vier en almal is bereid om 'n groot gesamentlike fees te vier. Die feesviering beloof een van die grootste te wees ná 1938.

## Offisier Heengegaan

Die Ossewabrandwag van Beaufort-Wes betreur die heengaan van veldkornet Pierre de Vos van Welgevonden op 3 Oktober. Hy was 'n bekende en beminde figuur in die samelewing en 'n baie getroue offisier in die Ossewabrandwag. Sy bereidwilligheid en steun sal altyd vir die Kommando 'n inspirasie bly.

Die manne en vroue van die kommando betuig hul innige meegevoel met die agterblywende eggenote, asst.-veldkornette J. C. de Vos en kinders. (Korr.)


**DEFTIGE SKRYFPAPIER** — vir u persoonlike korrespondensie, of vir klein presentjies aan u vriende. Dit kos so min — dit beteken so veel. Netjies verpak in aantreklike dose.

★

„**Egerton Wove,**" lig blou papier — vir alledaagse gebruik (met bypassende koeverte) .......... 3/- per doos.

„**Petersburg 1850,**" lig blou of grys papier. Die regte papier vir uitnodigings en bedankings (met bypassende koeverte) .......... 6/- per doos.

„**Foreign Mail,**" uiters smaakvolle papier in Wit, Grys, Blou of Bruin — vir persoonlike presentjies (met bypassende koeverte) .......... 7/- per doos.

**BESTEL VAN:**

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

**Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD**

★ ALLE SKRYFBEHOEFTES VOORRADIG ★



**DIE KIESKEURIGE MAN**

**GAAN VIR SY KLERE NA**

*Kotzé*

***omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.***

●

**SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.**

**ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per** 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

**VENTER.** — Aan mnr. en mev. Andries Venter van Germiston op 29 September, 'n seuntjie. Dank aan die Goeie Gewer. 13/10/1

### BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet, 7/6 lb; Tom Watson Wonder Waatlemoen, 9/6; Hubbard en Langwit Bospampoen, 9/-; Greenfeast Saaderte (minimum 5 lb.), 1/- lb.; Beauty Tamatie, 30/- lb., 9/- ¼ lb.; Vroeë Kaapse Plat Uie, 9/- lb. Unie Posvry. —**Kango Saadkwekers,** Posbus 107, **Oudtshoorn.** 8/9/TK

### GEMENG

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

### SKOENE

Vir die allerbeste mans- en kinderskoene en beter reparasies raadpleeg **Voortrekker-skoenhospitaal, Langstraat 293, Kaapstad.** Telefoon 3-0164. 13/10/12

### VIR MANS

**SKEERMENGSEL** teen 'n klein koste van 3/6 per bottel, sal u vel bewaar teen enige onnatuurlike verskynsels, en sal maak dat u minder skeermeslemmetjies gebruik. Om goeie resultate te kry, pos 'n posorder van 3/6 aan: **Posbus 6, Bon Accord, Transvaal,** en ons sal dadelik bogenoemde aan u stuur. 13/10/1

### TE KOOP

**„ATLAS" - vragmotorbakke,** sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows"). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

**SOUT.** — Brandwagte, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A.1, 80/-; sneeuwit no. 1, 70/-; wit no. 2, 60/-, per ton vry gelaai soutwerke. Adres: **Komdte mevr. Martie Venter,** Possak no. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 25/8/TK

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, **K.P.** 18/8/T.K.

Vir elektriese- en paraffin-koelkaste; paraffin-, kool- en elektriese stowe; elektriese- en petrol-wasmasjiene; stofsuiers en politoerders, meubels, draadlose, ens. raadpleeg of skryf aan **ELEKTRON-KONTRAKTEURS,** Keeromstraat 18, Kaapstad. 18/8/T.K.

**Vrystaatse Skaapplaas,** 800 morge. Naby spoor. Groot verband beskikbaar. Prys billik. Vir volledige besonderhede kontak **J. J. A. VENTER,** Olton Manor, **P.K. De Brug, O.V.S.** 13/10/1

### TE KOOP AANGEBIED

**SPEENVARKIES** — 10 Speenvarkies. Groot swart söe en geregistreerde wit beer, 6-8 weke oud. 30/- stuk, gelewer Tarkastadstasie. — **S. Bekker,** Kleinfontein, **Tarkastad.** 13/10/1


**A.V.B.O.B.**

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**

**154 Takke**

**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

**(Edms.) Bpk.**

**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

**RADIOTRONICS**

**(A. Perold en P. Brink)**

Vir. herstel en koop van

**ELEKTRIESE APPARAAT**

(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)

**Hoofstraat BELLVILLE**

**Foon 97-9114.**

**Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B." gesien het.**


## V.S.A. HET BOM WAT DOELWIT AGTERVOLG

**Amerika maak daarop aanspraak dat hy 'n bom ontwerp het „wat kan sien" en wat homself op enige doelwit wat meer warmte as sy eie omgewing uitstraal, afstuur.**

Die bom staan bekend as V.B.-6. In sy neus het hy 'n plastiese oog wat rond beweeg wanneer 'n hittebron binne sy reikgebied kom. Die oog word elektronies beheer en deur elektriese toestelle met beweegbare vinne en sture verbind waarmee hy homself op sy doelwit afstuur. Die bom is reeds uitgetoets.

Die Amerikaners voer tans ook proefnemings uit met 'n rotasie-sweeftuig wat bedoel is om die valskerm van velskermsoldate te vervang. Nuwe vliegtuie kan ook nou 42 ten volle toegeruste valskermsoldate vervoer in plaas van 20 soos dit die geval in die afgelope oorlog was.

## Die Week In Oënskou

**Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie het aangekondig dat die heruitsending van die B.B.C.-nuus in Afrikaans oor die B-senders vanaf 1 November gestaak sal word. Daar sal egter voortgegaan word met die heruitsendings van die nuus in Engels oor die A.-senders. Die besluit is deur die Radioraad geneem.**

Meer as twee jaar nadat die vorige regering sowat 2,800 ton vloeibare mosterdgas 40 myl vanaf Port Elizabeth in die see gegooi het, het vissers verlede week vir die tweede keer kanne wat van die gas bevat, in hulle nette gevind sodat hulle, hul hele vangs terug in die see moes gooi. Die dolelike gas word as 'n bedreiging vir die Agulhas-visbank beskou.

Die toetssaak in verband met die voetbalpoele in Kaapstad is die week afgesluit toe die eienaars van Sport Pools Edms. Bpk. £20 boete opgelê is nadat hulle op een van die drie aanklagte skuldig bevind is. Die eienaars het volgens die hof nie die wet op weddenskappe oortree nie, maar die wet op dobbelhuise. Die verteenwoordigers van die voetbalpools in die Skiereiland het besluit om teen die hof se bevinding te appèleer. Hulle sal die hofonkoste gesamentlik dra.

Die Uitsaaikorporasie is van voorneme om, indien hulle die goedkeuring van die Radioraad kan verkry, 'n groot reorganisasie in die nuusdienste te weeg te bring deur, behalwe van nuusagentskappe gebruik te maak, ook verteenwoordigers aan te stel om eie nuus in te samel.

'n Besending van 1,500 ton rys —die eerste van die groot bestellings wat in die buiteland geplaas is — het in Kaapstad aangekom.

Die Suid-Afrikaanse Skoenfabrikante verwag dat hulle vanjaar tien miljoen pare skoene sal vervaardig. Daar is altesaam 99 skoenfabrieke in die Unie wat werk aan 14,000 mense verskaf.

## Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.......................

vir die eerste...............................maande.

NAAM: ..........................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..........................................................

..........................................................

..........................................................

..........................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.**
***Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.***

# DOKTERS SE VREES VIR HOSPITAALPLAN

**Die botsing en dooie punt tussen die Transvaalse Provinsiale Administrasie en die geneeshere oor die vrye mediese dienste in die provinsie laat hom tans, nadat daar na langdurige onderhandelings geen uitweg bereik kon word nie, geld op die pasiënte. Die geneeshere, wat sedert die begin van die maand „staak", behandel tans net dringende gevalle en die res van die pasiënte by die hospitale word die deur gewys.**

Die medici verklaar dat hulle nie in beginsel teen vrye hospitaaldienste is nie en dat die Mediese Vereniging sy bereidwilligheid te kenne gegee het om saam te werk met 'n algehele nasionale gesondheidsdiens. Hulle beswaar is egter teen die wyse en tempo waarmee dit in werking gebring is. Hulle meen dat dit vir hulle ekonomiese selfmoord sal wees en dat hulle inkomste met byna die helfte verminder sal word. Hulle beweer verder dat die skema van die Administrasie nie rekening hou met die verminderde inkomste en tekort aan beddens wat sal ontstaan as die skema in volle werking is nie.

### BRA DOM

Na aanleiding van die geskil het die Mediese Tydskrif verlede week voor die dag gekom met 'n artikel waarin hy beweer dat die gemiddelde „belasbare inkomste" van geneeshere jaarliks op £350 te staan kom, volgens gegewens van die Inkomste-kantoor. Die kommentaar van Die Burger hierop was dat „hierdie syfers nie bewys dat die geneeshere as groep tot die laagbesoldigdes van ons land behoort nie. **Dit bewys alleen dat die Kommissaris van Binnelandse Inkomste sy aandag aan die saak moet skenk."**

Die Administrasie soek nou 'n oplossing deur middel van 'n volkstemming.

## Stuur u Geld saam

**Lesers wat gebruik wil maak van die geklassifiseerde kolomme vir aankondiging van huishoudelike aangeleenthede (huwelike, sterfgevalle, geboortes, ens.) word vriendelik versoek om sover moontlik hul advertensies met die nodige geld te laat vergesel. Dit kos 3s. per plasing vir die eerste 36 woorde. Daarna kos elke bykomende woord 1d. As die advertensie herhaal word, is daar 'n afslag van eenkwart.**

### WETGEWING TEEN GEMENGDE HUWELIKE

**Die regering oorweeg dit om wetgewing in te dien ten einde gemengde huwelike te verbied, volgens berigte uit Pretoria. Die beoogde wetgewing is deel van die regering se apartheidsbeleid.**

Die wet wat wyle adv. Tielman Roos ingedien het, sal gewysig word sodat dit sal bepaal dat alle huwelike tussen blankes en nie-blankes onwettig is. Daar vind tans nie 'n groot aantal gemengde huwelike plaas nie, maar wetgewing word noodsaaklik beskou ten einde die blanke ras te beskerm.

# KANKERDESKUNDIGE KRY HOSPITAAL VIR NUWE METODE

**'n Kankerkliniek wat hom spesiaal sal toelê op die behandeling en bestryding van kanker, sal so spoedig moontlik by Rosebank (Kaapstad) opgerig word met geld wat deur die publiek voorsien is. Na verwag word sal die hospitaal sowat £15,000 kos en dit sal staan onder die toesig en leiding van prof. J. van Roojen wat reeds opspraakwekkende sukses behaal het met sy metodes van kankerbehandeling.**

Die Kankernavorsingskomitee het reeds soveel geld dat die werk aangevoer kan word en nog meer geld is nodig om al die nodige toerusting te verkry.

Tydens sy werksaamhede as professor aan die Kaapstadse Universiteit het prof. Van Roojen hom in die Groote Schuurhospitaal toegelê op die bestryding van kanker. Sy behandeling verskil van die gewone metode en hy het binne ses maande geneeshere verbaas laat staan toe hy aan hulle pasiënte kon toon wat geen spoor van kanker meer het nie.

Hierdie nuwe kliniek sal prof. Van Roojen die geleentheid gee om verder met die werk voort te gaan.

## Boikot Vorder

Die Indiërboikotbeweging in Transvaal het aansienlik vordering gemaak, na kol. L. J. Roos, voorsitter van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Beskermingsbeweging, verklaar. Die kongres, wat uit sowat sestig afgevaardigdes bestaan, het verlede week in Johannesburg vergader.

Afgevaardigdes op die kongres het verklaar dat daar baie meer handelslisensies aan Indiërs uitgereik word as wat hul getalle regverdig. Adv. J. F. Marais het aan die kongres verduidelik hoe die Indiërs elke keer op 'n nuwe terrein indring.

## Hulde Aan Mev. Steyn

**„En nou mevrou, sien u voor u 'n dankbare skare en verderweg 'n dankbare volk. Dit stem u hart ongetwyfeld tot dank en blydskap want u is seker saam met my oortuig dat dit 'n dankbare volk nooit sal ontbreek aan groot manne en vroue, nie," het prof. dr. J. D. du Toit (Totius) verlede week in Bloemfontein verklaar toe hy namens die Afrikanervolk hulde aan mev. pres. M. T. Steyn gebring het by geleentheid van 'n groot huldingsfees wat die F.A.K. gereël het.**

Totius het vervolg: „Van harte dan die seënbede van ons ganse volk. Ons sal u lewe en arbeid wat so geseënd was, in lewendige gedagtenis bewaar soos ons die nagedagtenis van President Steyn bewaar het."

In haar bedanking het mev. Steyn gesê: „Ek kan maar net sê dat die genade van God vir my tog baie oorvloedig is."

*Maatskappyvergadering:*

# OMSET OORSKRY £4,000,000

## REDE VAN VOORSITTER VOOR DIE 24ste ALGEMENE VERGADERING VAN LEDE VAN DIE WOL GROEIERS AFSLAERS BEPERK

Geagte Aandeelhouers,

By hierdie geleentheid is dit die aangename voorreg van u Direksie om verslag te doen oor 'n boekjaar wat ongetwyfeld ongeëwenaard is in die geskiedenis van hierdie organisasie.

In een opsig was ons egter ongelukkig daar afskeid geneem moes word van ons eerbiedwaardige Voorsitter, mnr. N. C. Havenga. Met sy aanvaarding van 'n ministeriële pos het hy hom van alle Direksies onttrek. Namens alle W.G.A.-vriende word ons dank aan mnr. Havenga betuig vir sy kalme en oordeelkundige, dog ferme leiding van die verlede en wens hom krag en seën toe met sy uiters verantwoordelike taak.

Dat die afgelope seisoen vir ons wolboere uiters gunstig verloop het, word bewys deur die volgende vergelykende statistieke verskaf deur die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie:

Van baie bevredigende bedryfsresultate is alreeds gewag gemaak maar ons wil noem dat die persentasie wins, in vergelyking met die dienste gelewer en omset, minimaal is. So bv. was die omset uit die bemarking van wol, bokhaar, velle en landbou-implemente £4,083,862 en die wins daarop £38,961, of ongeveer 1 persent. **Dienste wat die maksimum inkomste aan kliënte lewer, en nie maksimum profyte nie, is gevolglik die strewe van u organisasie.**

'n Noukeurige ontleding van die verskillende poste bring ons tot die gevolgtrekking dat die Bestuur van die W.G.A.-organisasie, onder die bekwame leiding van ons Hoofbestuurder, mnr. C. C. Kriel, ten volle bewus is van die groot verantwoordelikheid teenoor die wolboer. Alle uitgawe is oordeelkundig en in verhouding, en die inkomstes bestee om die maksimum diensbaarheid in belang van die wolboer te verkry.

| | 1946/1947 | 1947/1948 |
|---|---|---|
| Unie-skeersel — uitsluitende Karakoelwol ... ... ... ... ... | 645,313 bale | 622,720 bale |
| Gewig ... ... ... ... ... ... ... ... | 203,467,644 lb. | 196,997,965 lb. |
| Opbrengs ... ... ... ... ... ... ... | £14,484,840 | £22,352,561 |
| Gemiddelde prys per lb. ... ... ... | 17d. | 27.24d. |

Met 'n vermindering van 22,593 bale het die totale woltjek nogtans met £7,867,721 toegeneem.

Wat die W.G.A. betref, kan ons van merkwaardige groei betuig. Nie alleen het die takke te Port Elizabeth, Oos-Londen en Kaapstad gesamentlik nagenoeg 6,000 bale wol meer hanteer as gedurende die vorige seisoen nie, maar in besonder het die prestasies van ons tak te Kaapstad die stoutste verwagtinge oortref. Die volgende sake, wat as afsonderlike eenhede funksioneer, het baie groeikrag getoon en is almal op 'n winsgewende basis —

(a) die Landbou-afdeling met takke te Port Elizabeth, Oos-Londen en Kaapstad;

(b) die Inklarings- en Verskepingsafdeling met takke te Kaapstad en Port Elizabeth.

Weens die uitbreiding van die werksaamhede te Port Elizabeth, was ons gedurende die jaar genoodsaak om 'n nuwe gebou, wat 19,000 vk. voet beslaan, op te rig. In Kaapstad kan verwag word dat die beskikbare ruimte binnekort nie voldoende sal wees nie en daarom het u Direksie in beginsel besluit om met die minste versuim oor te gaan tot die oprigting van 'n gebou wat ons organisasie tot eer sal strek aldaar. Dit mag genoem word dat u Direksie 'n geruime tyd gelede 'n baie geskikte stuk grond vir die doel in die Paarden Eiland gebied aangekoop het. Wat Oos-Londen betref, was, om voorsiening te maak vir die vergrote omset, groot pakhuise by die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie gehuur.



MNR. J. H. MOOLMAN (Voorsitter van die W.G.A.-Direksie)

Mnr. Moolman dien o.a. ook die wolboer as President van die Nasionale Wolkwekers-Vereniging, Voorsitter van die Wolraad en Direkteur van Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie.

Die finansiële posisie van u saak is kerngesond en alle bates word in die Balansstaat teen bedrae, ver onderkant hulle werklike waardes, aangedui. Vir u inligting wil ons noem dat, met die oog op die finansiëring en verdere ontwikkeling van reeds winsgewende uitbreidings, u Direksie besluit het om 'n verdere aantal aandele, vir opname deur wolboere, beskikbaar te stel. Om seker te maak dat u die verlangde kwota aandele kry, word u aangeraai om vroegtydig met die Hoofkantoor in verbinding te tree.

In die jaar onder bespreking het die doeltreffende oorskaduwing van die W.G.A. verkoopsdienste weereens afdoende bewys gelewer van die hoë standaarde van doeltreffendheid gehandhaaf. Met twee geleenthede, t.w. die eerste weke van Oktober en Maart, het ernstige dalings op die mark ingetree wat spoedig bekend gestaan het as Swart Vrydae. **Hierdie spook van 1919 het 'n groot paniek in die handel veroorsaak maar die W.G.A. verkopers geensins van stryk gebring nie.** Hulle opsomming van internasionale finansiële toestande was korrek en geringe persentasies wol is op die veiling verkoop. Die ander is teruggehou om later pryse, wat as goed lonend beskou kan word, te behaal.



MNR. A. C. LOMBARD (Vise-Voorsitter van die W.G.A.-Direksie)

Bekende boer en oud-Springbok. Hy dien op verskeie besture van boere-organisasies en o.a. vir jare reeds op die direksies van W.G.A. en Asokor Beperk.

Ook het die doelbewuste en eervolle optrede van ons skaap- en wolbeamptes in die binneland by baie geleenthede lofwaardige kommentaar uitgelok. Ons dra heeltemal kennis van die menigvuldige twyfelagtige praktyke wat soms na gegryp word om die guns van die boer te wen, maar is dankbaar om te noem dat geen W.G.A. amptenaar hom in hierdie verband skuldig gemaak het nie. Die eervolle diensgedagte en verantwoordelike optrede van ons skaap- en wolbeamptes het alreeds tot so 'n mate erkenning verwerf dat hulle altyd welkom, en dikwels eregaste, by wolprodusente is. Die bekwame binnelandse dienste, gerugsteun deur die uitmuntende verkoopsdienste, gee ons die versekering dat die W.G.A. kliënte besonder bevoorreg is.

Ook kan ons nie nalaat om te verwys na die opgeruime en flinke amptenare wat in elke kantoor hulle ywer en skeppingskrag geïnspireerd ten dienste van die saak stel.

Ons wil nie graag voorspellinge oor onmiddellike wendinge in die wolmark waag nie. Met besoeke aan buitelandse markte en fabrikante, asook volgens inligting wat ons uit betroubare bronne bereik, kan ons alleen tot die gevolgtrekking kom dat dit vir die wolboer van Suid-Afrika sal betaal om op die produksie van 'n 64/70's kwaliteit merinowol te konsentreer. Die produksiegebiede van kruisraswolle was tot hiertoe aan die toeneem en die mark beperk. Daarenteen is die wêreldaanvraag vir die beter en fynen tipes merinowol aan die uitbrei en 'n sterk mark kan verwag word. 'n Mens kan aanneem dat, met die goeie mark wat merinowol geniet, kruisteling sal afneem en produsente word weereens gewaarsku om nie kruisraswol met merinowol te verpak nie, want sodoende doen hulle hul eie goeie naam en die van hul land skade aan.

Met die sluiting van verlede seisoen en die opening van hierdie seisoen, het die mark wilde bokspringe gemaak. Die pryse is deur heeltemal buitestaande faktore kunsmatig die hoogtes ingedra. Verbruik is uiteindelik die grondslag van ons mark en alleen namate die spekulatiewe vraag verdwyn, kan ons 'n mate van bestendigheid te wagte wees.

Laat my toe om te verwys na die state aan u voorgelê. Nadat alle nodige voorsiening gemaak is, insluitende bonusse vir die personeel, bly daar 'n bedrag van £46,406/2/4 op die Verdelingsrekening vir die aandeelhouers om oor te besluit. U Direksie wens in hierdie verband die volgende aanbevelinge te doen:—

(1) Dat £20,000 afgesonder word vir oorplasing na die Algemene Reserwe. Dit verhoog die totaal van die reserwe na die bedrag van £75,000.

(2) Dat 'n 10% diwidend op Gewone-aandele verklaar word, waarvoor 'n bedrag van £9,751/16/8 benodig word. Vir 'n 5% diwidend op die Voorkeuraandele is alreeds in die state voorsiening gemaak.

(3) Dat die restant op die Verdelingsrekening gelaat word ten einde die betaling van gelyke diwidende in die 1948/49 boekjaar te verseker.

Die volledige verslag van u Direksie is alreeds aan u almal vir insae oorhandig en ek stel nou voor die aanname daarvan.

**VOORSITTER.**

# GESKENK VAN F.A.K. KOM TERUG UIT HOLLAND

**Tot dusver kon daar geen verklaarbare rede gevind word waarom oud-koningin Wilhelmina van Nederland geweier het om die skildery aan te neem wat die F.A.K. namens die Afrikaanse kultuurverenigings aan haar wou skenk nie.**

**Daar is drie keer pogings aangewend om die geskenk — 'n werk van Pierneef — te oorhandig, dog sonder sukses. Die bestuur van die F.A.K. het dus besluit om die skildery te laat terugkom.**

In die Afrikaanse pers is die gebeure sterk betreur. **Daar is op gewys dat dit die F.A.K. was wat drie dae na die inval in Holland 'n noodhulpfonds ten behoewe van Holland van stapel gestuur het en dat hierdie liggaam 'n bedrag van £30,000 daarna aan die Hollandse regering oorhandig het. Dit is nie geweier nie.** „Die Boerevolk het reg om aanstoot daaraan te neem dat sy gebaar van hulde deur middel van die F.A.K. aan koningin Wilhelmina afgewys is," skryf Die Transvaler, wat ook beweer dat dr. Leo Fouché, tot onlangs die Uniegesant in Nederland, die Hollandse regering sou meegedeel het dat die F.A.K. 'n „seksionele" organisasie is. Dr. Fouché het die bewering egter ten sterkste in Die Suiderstem ontken.

'n Korrespondent in die Engelse pers se bewering was dat koninklike lui slegs notisie neem van regerings soos verteenwoordig deur hul diplomate. Van Afrikaanse kant word aangevoer dat indien dit so is, dan kon die Hollandse regering ten minste die F.A.K. in kennis gestel het voor of na die eerste aanbieding.

## Benelux Onder Britse Bevel

Die opperbevel van die verdedigingsraad vir Westelike Unie wat bedoel is as 'n teenwig vir Rusland is hierdie week aangekondig. Aan die hoof staan veldm. Montgomery opperbevelhebbers van hoë rang uit Nederland, België en Luxemburg is ook betrek. Die aanstelling van Montgomery is baie krities in Amerika ontvang, waar verklaar is dat hy 'n goeie aanvaller maar swak beplanner is.

## AMPTENARE SLUIT WEER AAN

**Middelburg (Tvl.) het hul O.B.-dag-funksie op 11 September gevier onder leiding van Hfkomdt. Luitingh. Die samewerking was uitstekend en £62 is ingesamel nadat alle onkoste afgetrek is.**

Die hoofsprekers by die geleentheid was hfgenl. Piet Bosman en hfgenl. Lourens. Genl. Bosman het gewys op die waarde van samewerking met die politieke partye, veral met die Afrikanerparty. Genl. Lourens het gemaan om wakker te loop en nie laks te wees in diens van die O.B. nie.

Die Kommando wil ook graag genl. en mev. Lourens, voorheen van Delmas, hfkomt. en mev. D. Botha, voorheen van Oos-Rand, en mnr. en komdte S. P. Kruger, voorheen van Heilbron, hartlik welkom heet in hul midde.

**'n Mooi aantal staatsamptenare het ook weer hul O.B.-skap hernu. Aan hierdie noodregulasie-geteisterde mense sê ons ook baie hartlik welkom. (Korr.)**

*Persmenings:*

## SAMESTELLING VAN DIE SENAAT ONDOELTREFFEND

**„Die praktyk van die afgelope jare om besondere partypolitieke dienste as deurslaggewend vir die Senaat-setel te gaan beskou, het nie veel daartoe bygedra om die kwaliteit van ons Senaat te verhoog nie. Immers dit gee dit 'n partypolitieke kleur wat 'n obstruksie-politiek in die hand werk," skryf Die Vaderland in 'n hoofartikel waarin hy dit het oor „botviering van partyskap in sy naakte vorm" in die Senaat tydens die afgelope parlementsitting.**

Die blad verwys na die leedvermaak-optrede van die Opposie party wat die lig opnuut laat val het op die samestelling van die Hoërhuis — die lede waarvan gekies behoort te word weens „hulle rype lewenservaring en nie soseer met die klem op partyskap nie."

**„Hierdie moedswillige partyoptrede ten koste van die belastingbetaler laat die vraag ontstaan of die tyd nie aangebreek het om 'n ander gedragslyn te volg by die samestelling van die Senaat nie,"** verklaar die blad en skryf voorts „om ons Hoërhuis aan sy doel te laat beantwoord sal ons meer selektief te werk moet gaan. Binne die partyverband (hoewel miskien nie aktief nie) is daar volop mense wat oor die kundigheid beskik vir die veeleisende pligte wat die Senaat verg. **En as senioriteitsposisies en partypolitieke oorwegings die pad versper om hulle te betrek, moet ons buite die partyverband gaan soek. Ons land beskik gelukkig nog oor voldoende en voortreflike talent vir hierdie doeleindes. In die Senaat, meer as in enige ander liggaam, moet die breë volksbelang geld, nie die enge partybelang nie."**


## TIEN SYFERS VIR VERDEDIGING

**Amerika sal aanstaande jaar sowat £3,750,000,000 aan sy vloot, lugmag en leër bestee, volgens amptelik bekend gemaak is.**

**DIE EERSTE TAK VAN VOLKSKAS** buite die grense van die Unie word vandeesmaand in Windhoek geopen. Terselfdertyd sal daar ook takke op Lydenburg en Worcester geopen word. Altesaam sal die bank dan 62 takke hê.

# AMERIKA SOEK SPAANSE VRIENDSKAP IN PLEK VAN FRANSE

**'n Kwaai stryd oor die erkenning van Spanje as 'n bondgenoot in die stryd teen die Kommunisme tussen Amerika aan die een kant en Engeland, Frankryk en Holland aan die ander kant woed tans in diplomatieke kringe. In hierdie stryd geniet die V.S.A. die ondersteuning van die vernaamste Suid-Afrikaanse state van wie sommige — Argentinië en Peru — reeds die beslissing vooruitgeloop het deur diplomatieke betrekking te herstel nadat dit indertyd op versoek van die V.V.O. afgebreek is. 'n Ooreenkoms tussen Washington en Madrid word enige oomblik verwag.**



GENL. FRANCO

Veral op aandrang van die Amerikaanse leërhoofde beweeg Amerika in die rigting van vriendskap met Spanje, en die jongste aanduiding is dat die politieke leiding daaraan gevolg gaan gee. 'n Paar weke gelede het senator Gurney na 'n onderhoud met genl. Franco gepleit vir herstel van diplomatieke betrekkinge. **Hoë militêre offisiere het deelgeneem aan die samespreking en onder andere sou daar gepraat gewees het oor die oorskakeling van Spanje na Amerikaanse wapens en ammunisie. Amerikaanse leërhoofde wil graag gebruik maak van Spaanse militêre basisse in 'n moontlike stryd teen Rusland, veral daar op Frankryk nie staat gemaak kan word nie.**

Sedert Gurney se besoek het twee ander Amerikaanse politici van wie een Eric Johnston raadgewer oor ekonomiese samewerking is, besoeke aan Madrid afgelê en hulle ten gunste van samewerking met Spanje uitgespreek. „Ons moet die verlede vergeet," het hulle gesê.

### BRITSE HOUDING

**Die amptelike Britse houding is dat geen ooreenkoms met genl. Franco gesluit kan word nie en dat Spanje van enige bondgenoodskap uitgesluit moet bly tot tyd en wyl 'n „demokratiese regering" aan bewind kom. Vir die doel, so word in Londen verklaar, het Westerse staatsmanne in 1946 ooreengekom om steun te verleen aan Spaanse banneling-partye en het Bevin nog 'n jaar gelede met die leier van die Spaanse vlugteling-opposisie onderhandel oor die omverwerping van Franco.**

Brittanje word gesteun deur Frankryk en die Benelux-lande.

Die beswaar teen Spanje is dat genl. Franco se regering nie „demokraties" is nie. **Objektiewe waarnemers is egter heel temal eens dat hoewel daar geen parlementêre stelsel in Spanje is nie, Franco deur die oorgrote meerderheid van die volk gesteun word en dat daar groot persoonlikheid vryheid in die land is.** In die verband het die betroubare Britse blad Review of World Affairs 'n paar weke gelede nog as volg geskryf:

### „VALSE INLIGTING"

„In die huidige internasionale toestand is Spanje van baie groot stragiese waarde. Hy is ook 'n integrale deel van die Europese ekonomie. Dit is baie dwaas om al die stories te glo wat mens hoor omtrent wat daar aangaan, en wat gegrond is op doelbewuste valse inligting wat deur politieke groepe versprei word. „Die Spanjaarde is baie uitgesproke. Niemand skyn die minste bevrees te wees om sy mening uit te spreek nie, selfs al is dit om die regering te kritiseer . . . Hoewel nywerheidsuitbreiding tydelik tot stilstand gekom het, is die nywerhede kerngesond. Arbeid is volop en goed, die produksie van myne is aan die styg en alle tekens van welvaart is aanwesig.

### ARBEID STEUN FRANCO

**Die nywerheidsbeleid onder die baie bekwame minister van arbeid, Giron, is vooruitstrewend. Die arbeiders het regte, voorregte en voordele wat hulle nooit tevore gehad het nie, en lone het nog steeds gestyg. Daar is baie min arbeidsonluste, en Franco se grootste steun is vandag van die nywerheidswerkers afkomstig. Propaganda wat voorgee dat die arbeiders vyandiggesind is teenoor genl. Franco het geen grond hoegenaamd nie. . . . .**

„Genl. Franco het die afgelope jare ryper geword en sy uitkyk verruim. Sy natuurlike intelligensie het ontwikkel en mens begin verstaan hoe hy daarin kon geslaag het om buite die oorlog te bly en na die einde daarvan nog sy bewind te handhaaf. Sy godsdienstige oortuiging is verdiep. Terselfdertyd is sy mag groter as ooit, en hy weet alles wat aangaan. **Hy is gewild, en word geag en bewonder. Die volk is oneindig dankbaar teenoor hom omdat hy Spanje uit die oorlog gehou het. . . . .**

### VOLK VERENIGD

„Die bewind is vandag stewig en vol vertroue. Al die buitelandse aanvalle en veral die houding van die V.V.O. het die Spaanse volk agter Franco verenig teen inmenging uit die buiteland. **Op hierdie punt is die Falangiste betreklik onbelangrik. Dit is die gewone mense van geen party wat agter Franco staan. Teenstand het tot betekenloosheid afgeneem."**

Dit is die onpartydige getuienis omtrent Spanje wat deur Brittanje as bondgenoot teen kommunistiese absolutisme verwerp word. Engeland skaar hom liewer aan die sy van wankelende Frankryk met sy arbeidsonluste en regeringswisselinge. Daarteenoor word berig dat die Amerikaanse leërowerheid nou afgesien het van Frankryk as 'n militêre basis juis weens sy gebrek aan stabiliteit. **Die enigste hoop op stabiliteit vir Frankryk is genl. De Gaulle se volksbeweging, en dan is hy in dieselfde boot met Spanje sover dit die Britte en V.V.O. betref.**

# GANSBAAI HOU FUNKSIE

**Die Ossewabrandwag van Gansbaai, wat tans besig is om nuwe lede in te skryf en te organiseer, het verlede Saterdag hul O.B.-dag-funksie gehou en die mooi bedrag van meer as £40 ingesamel. Dit is £10 meer as verlede jaar.**

Ten spyte van die reën was daar 'n goeie opkoms en 'n aansienlike aantal ondersteuners van die H.N.P. het die funksie bygewoon. Oorspronklik is 'n opelug-funksie beplan maar as gevolg van die ongunstige weer, is dit aan huis van komdte. en mnr. Thysie Franke gehou.

Komdt. E. van Wyk het die spreker, genl. W. R. Laubscher, welkom geheet. Hy het melding gemaak van die moeilikheid waarmee die nasionale gemeenskap van Gansbaai te kampe het as hulle funksies wil hou omdat hulle geen saal te huur kan kry nie.

Genl. Laubscher het die taak van die O.B. gedurende die afgelope tien jaar behandel en gewys op die taak wat voorlê. Dit is 'n taak wat nooit eindig nie.

Die heerlike gebak van die vroue het groot aftrek geniet en die sukses van die funksie is hoofsaaklik aan hulle te danke. (Meegedeel.)

# Indiër se Posisie Sonder Paspoort

Die vraag of die regering die Indiër-leier, dr. Dadoo, sal toelaat om die Unie sonder 'n paspoort binne te kom nadat hy die regeringsgesag verwerp het en sonder paspoort na die buiteland vertrek het, is 'n vraag waarmee politieke waarnemers hul tans besig hou.

Dadoo het aan die begin van verlede week 'n passaat op 'n Switserse vliegtuig bekom en na Londen gegaan waar hy aan die begin van die week nog gepoog het om 'n visa te kry wat hom in staat sal stel om in Parys af te klim. Hy sal die Indiese afgevaardigdes daar te woord staan en hulle inlig oor Suid-Afrika.

**Dit is binne die mag van die Minister van Binnelandse Sake om te weier dat dr. Dadoo weer die Unie binnekom aangesien hy geen paspoort het nie.** Die feit dat hy 'n Asiaat is maak sy saak nog moeiliker. Hy mag miskien probeer om 'n Britse paspoort te bekom, maar ook dié sal nie genoeg wees om hom te help as die regering hom nie wil laat binnekom nie.

Dit is egter nie seker wat die houding van die regering is nie. Propagandistiese oorwegings mag hom dwing om liewer nie streng op te tree nie.

# Britse Ryk Moet Heraanpas

**Die veranderings wat daar in die Britse Ryk plaasgevind het as gevolg van na-oorlogse ontwikkelinge, sal dit vir die Rykskonferensie wat eergister in Londen met samesprekings begin het, noodsaaklik maak om 'n nuwe formule uit te werk vir die statebondbetrekkinge. Nie alleen het daar drie nuwe dominiums bygekom nie, maar Indië en Pakistan, by wie die spore van Britse sentiment al minder word, skep veral vir Brittanje 'n nuwe probleem. Ook die gesag van die Britse kroon is opnuut in gedrang.**

Vir Suid-Afrika is die konferensie veral van belang oor aangeleenthede soos die bestryding van Kommunisme en die uitwerking van 'n verhouding tussen Brittanje en Suid-Afrika oor die toekoms van Afrika. Oor laasgenoemde het mnr. Eric Louw, die Unie se verteenwoordiger by die konferensie, hom die naweek uitgelaat toe hy gewys het op die gemeenskaplike belang van die twee lande in Afrika. Ook ander lande in Afrika sal oorleg mee gepleeg moet word in hierdie verband, het hy gesê.

Die bestryding van die Kommunisme is 'n belangrike item op die agenda, en Suid-Afrika sal 'n belangrike aandeel in die verband neem.

Van Indiese kant is reeds die voorneme uitgespreek om 'n afhanklike republiek te word. Daar is heelwat gegis watter houding Indië op die konferensie sal inneem. Die Indiese eerste minister het die naweek in Londen verklaar dat sy land geheel en al onafhanklik wil wees maar dat dit nog te vroeg is om nou al van 'n Indiese Republiek te praat. Daaroor sal eers oor 'n paar maande besluit word.

# A.P. BETWIS 5 SETELS IN NATAL

**Die Afrikanerparty sal nou vyf setels in Natal betwis met die Provinsiale verkiesing in plaas van drie soos voorheen aangekondig is. Die setels is Newcastle, Weenen, Suidkus, Berea en Durban-Noord.**


Die H.N.P. sal ook vyf setels betwis, naamlik Vryheid, Dundee, Ladysmith, Umvoti en Umlazi. Die res van die setels sal betwis word soos die partye onderling ooreenkom.

In die Vrystaat is daar nog geen ooreenkoms getref wat die verdelinge van die setels tussen die A.P. en H.N.P. betref nie.





EN ONTHOU DIT MOET 'N



SERVEL

PARAFFIEN KOELKAS WEES

Ook kan u altyd vars en kiemvrye kos wat u in groter hoeveelhede kan koop en wegbêre, geniet. Die SERVEL is die modernste en mees tegnies volmaakte koelkas wat u dieselfde voortreflike diens sal lewer as 'n koelkas wat met elektrisiteit werk.

U bespaar geld want u vermors nie kos wanneer u die Servel-koelkas koop nie. Die Servel betaal vir homself.

VOORWAARDES: Deposito van £11 en 24 maandelikse paaiemente van £4/0/6.

Groot Afslag vir KONTANT

Skryf om besonderhede

Phil Morkel

KASTEELSTRAAT 28 LANGSTRAAT 105
GROOTE KERK-WANDELGANG
WATERKANTSTRAAT 61 KAAPSTAD POSBUS 2721
OOK BELLVILLE EN PAARL